Zeramec bevorder 'n hoër speengewig en verbeter groei by kalwers. Die kalwers is terselfdertyd gesonder en vertoon opvallend beter.

KALWERS

Deur Erich Walter

Bevorder groei by kalwers

Hoe maak 'n mens nou om in hierdie strawwe ekonomiese toestande kop bo water te hou. Daar is nie 'n beter manier as om kalwers so vinnig moontlik te laat groei om as speenkalf of mark gereed te verkoop nie. Met min insette is dit wel moontlik om binne 90 dae na behandeling 'n rendement van 1 : 5 te haal.

Om goeie groei in kalwers oor 'n periode te handhaaf moet kalwers op die regte tyd ontwurm word en 'n groeistimulant kry.

Zeramec verskaf al twee behandelings met een eenvoudige inspuiting teen 1 ml per 50 kg gewig. Daar is baie proewe wat bewys dat diere gemiddeld tussen 10 - 20 % beter vaar as die kontrole groep. Verbeterde voeromset is 'n verdere bonus. **Zeramec** kan op kalwers vanaf 45 dae ouderdom gebruik word alhoewel die beste tydperk rondom 3 maande ouderdom is. Beplan om hierdie jaar u kalwers met **Zeramec** te behandel.

Wat sê boere oor Zeramec:-

*Mnr. Dana Wiid - Vryburg …met sy eerste proefneming om die doeltreffendheid van **Zeramec** te beproef, het hy die middel op die ouderdom van drie maande aan 50 % van die kalwers toegedien, terwyl die ander helfte behandel is met Virbamec LA, 'n antiparasitiese middel wat ivermektien bevat. Die kalwers wat met **Zeramec** behandel is, het op speenouderdom gemiddeld 7 kg meer geweeg. Dit het aan Wiid bewys dat die gebruik van **Zeramec** plus kruipvoer kostedoeltreffend is.*

*In 'n 2de proef het Wiid kalwers wat hy ná speen in die voerkraal geplaas het, gebruik. Hy het dieselfde middels ewekansig by ewe groot groepe gebruik. Ná 3 maande in die voerkraal was die groep wat **Zeramec** ontvang het, gemiddeld 22 kg swaarder. Dit is terwyte aan die feit dat **Zeramec** bo en behalwe 'n ontwurmingsmiddel ook 'n groeistimulant bevat.*

Gebruik Zeramec om u kalwers groot te maak.

Zeramec – Reg. Nr. G3660 (Wet 36/1947) Bevat: Ivermektien 1 % m/v en Zeranol 1 % m/v

Jy hoef nie te lewe met die "As hulle net…" situasie nie. Daar is 'n oplossing…

BEES EN WILD

Deur Dayle Sinclair

Meer kos is eintlik 'n realiteit

Tegnologie is nou beskikbaar wat vee instaat stel om onsmaaklike grasse en oesreste beter te kan benut.

Die tegnologie is beskikbaar in die vorm van 'n produk bekend as **Browse Plus**. Die produk is al baie jare in gebruik, hoofsaaklik om die benutting van die blaarkomponent van struike en bome in vee en wild te verhoog, deur die neutralisering van die antivoedingstaniene.

In die afgelope paar jaar het baie boere egter berig dat beeste wat **Browse Plus** ingeneem het, meer droë gras gevreet het. Eksperimentele inligting oor beeste wat op stoppellande loop is beperk. In een proef waar beeste op mieliestoppellande gewei het, het die **Browse Plus** groep 3.18 kg oesreste per dag ingeneem terwyl die kontrolegroep net 1.97 kg per dag ingeneem het.[1]

Browse Plus het 'n beduidende effek om normale rumenaktiwiteit te herstel.[2] Daar is bewys dat behandelde diere se rumenmikrobes vinnig herstel het en die spysverteringskanaal meer aktief is, wat meebring dat diere meer gras en oesreste inneem. Dit is deels tewyte aan die molassestillaat (MDDS) in die formulasie wat 'n gesonde mikrobe populasie aanmoedig. Dit verhoog die potensiaal vir meer doeltreffende gebruik van aanvullende voeding.[3]

Browse Plus – Reg. Nr. V11013 (Wet 36/1947) Bevat: Poliëtileenglikol 930 g/kg, Poliviniel pirrolidoon, $Ca(OH)_2$ en Eksipiente 70 g/kg

REFERENCES: 1. Duncan & McKenzie, "Trial to determine the effect of dosing Browse Plus to steers on maize stover." Agricura (Private) Limited, Annual Technical Report, 1994. 2. Salawu, Acamovic, Stewart, & DeB.Hovell, " Querbracho tannins with or without Browse Plus in sheep diets; effect on digestibility of nutrients *in vivo* and degradation of grass hay in sacco and *in vitro*" Animal Feed Science and Technology 69(1997) 67-78. 3. Ethyl Concentrate Feed, Rumenco Company, UK Bulletin R1 No.10.

Neuswurm is 'n parasiet wat dwarsoor Suidelike Afrika voorkom. Die volwasse vlieg is aktief in die somer maande (Okt – April).

Deur Dayle Sinclair

Neuswurm vreet winste

SKAPE

Neuswurm lê larwes buite om die skaap se neusgate. Hierdie larwes kruip dan in die neusholtes en sinusse waar hulle vasheg met hakies in hul monde en voed op die slymerige eksudaat wat hier gevorm word. Dit veroorsaak baie irritasie wat dan lei tot 'n groter afskeiding van slym.

Neuswurm besmetting veroorsaak produksie skade: Die irritasie lei tot 'n verminderde eetlus en ook 'n vermindering in die vreet tyd. 'n Verswakte massatoename volg. ***Proewe het bewys dat skape wat behandel is teen neuswurm tussen 1,5 kg en 1,9 kg beter gegroei het as onbehandelde skape.***

Ander effekte van neuswurm besmetting is ***swakker kondisie en ook sekondêre bakteriese besmettings.***

Waarmee om te behandel:

Lammers: **Prodose Orange** Neuswurm, Rondewurms, Lewerslak, Melklintwurm – ***5 weke nawerking teen haarwurm.*** **Uiters belangrik dat lammers teen melklintwurm behandel word en terselfdertyd teen neuswurm en rondewurm beskerm is.**

Groot skaap: **Prodose Yellow LA** Neuswurm, Rondewurms, Lewerslak, Peervormigemaagslak – ***5 weke nawerking teen haarwurm.*** **As 'n breë-spektrum middel benodig word gebruik dan Prodose Orange.**

WANNEER OM TEEN NEUSWURM TE BEHANDEL: **NOVEMBER** BEHEER DIE NUWE LENTE BESMETTING | **FEB/MAART** BEHEER DIE LAAT SOMER EN HERFS BESMETTING

Prodose Orange – Reg. Nr. G2101 (Wet 36/1947) Bevat: Albendasool 1,90 % m/v en Klosantel 3,94 % m/v • **Prodose Yellow LA** – Reg. Nr. G1959 (Wet 36/1947) Bevat: Klosantel 7,5 % m/v.

Virbac RSA (Edms) Bpk (Reg. Nr. 1990/003743/07)
Privaatsak X115, Halfway House 1685, Republiek van Suid-Afrika
Tel: (012) 657-6000 Faks: (012) 657-6067

Virbac DIEREGESONDHEID